

Dinsdag 22 November

Skrifgedeelte: Markus 1:12-13; NGB Artikel 12

Fokusgedeelte: Markus 1:13b

Terwyl Satan versoek, versorg God deur sy engele

Satan se magstryd begin direk ná die doop van Jesus. Die eerste Adam het geval in die versoeking van Satan in die paradys; daarom is die gevalle mens uit die paradys verjaag en die engele het die ingang gesluit.

Nou staan Satan slaggereed vir die tweede Adam— Jesus se versoeking. Jesus word deur die Heilige Gees na die eensaamheid van die woestyn gedryf. Sy openbare optrede gaan nou begin. Satan versoek Jesus vir veertig dae lank. Ons word herinner aan die vormende proses van veertig jaar wat Israel in die woestyn rondgeswerf het. Ook die veertig dae waar Elia in die woestyn weggekrui het, kom in hierdie beproewingstyd in ons gedagtes op.

Jesus word versoek, getoets, op die proef gestel. Satan verloor die stryd. Die tweede Adam bly staande teen Satan se versoeking. Jesus is onder die beheer van die Heilige Gees. Hy word deur God se voorsienigheid daar onderhou. Hy woon daar saam met wilde diere wat Hom geen skade aandoen nie. Dit wys vir ons dat daar 'n vrederyk wag. Net soos die kraaie vir Elia kos gebring het in sy tyd van beproewing (1 Kon. 19:1-18), so versorg God sy Seun deur sy heilige engele.

Sy engele is onder andere geskape om Hom in sy heerlijkheid te dien en te vereer, maar ook om sy uitverkorenes te dien, sodat die mens weer op sy beurt die Skepper kan dien.

Hierdie gebeurtenis in die woestyn is vir elke uitverkore kind van God 'n geloofsanker. Daar is engele in die hemel wat ons vir God se heerlijkheid bewaar. God se engele is ook vir ons aan diens. Troosvol. Die paradys is weer oop. Jesus het Satan se versoeking weerstaan. *“Loof heilige engele om sy troon, die God wat in die hoogte woon!”*

Sing: Psalm 148-1:1

Ds. CB Swanepoel (Christo) (Lyttelton)